Week 4: Ek glo… omdat daar reg en verkeerd is.
Jakobus 3:13-18

Inleidend
Hierdie week se tema sluit baie sterk aan by verlede week (*Ek glo omdat daar orde is*). Ons het verlede Sondag gehoor dat ons orde en God se orde in baie gevalle nie dieselfde is nie – dankie tog daarvoor! Dieselde geld ook wanneer ons nadink oor 'reg' en 'verkeerd'. Wannneer mens hierdie twee woorde hoor dink meeste van ons waarskynlik aan sondelysies en al die "ek mag nie's!" – dalk aan hoe vêr ek die merk mis. Toe ek grootgeword het, is ek geleer dat sonde is om "God se wette te verbreek". Hierdie definisie is nie verkeerd nie, maar dit is onvolledig - dit gaan nie vêr genoeg nie. Want ten diepste is sonde om te weier om volledig mens te word; om 'n heel mens te wees.

Brief van Jakobus
Dit is presies waaroor die Jakobus se brief handel. Jakobus tref sterk onderskeid tussen 'reg' en 'verkeerd', maar hy gebruik ander woorde daarvoor: wysheid en dwaasheid – om 'reg' te te leef is om vanuit Jesus se opsomming van die wet te leef: Liefde vir God en ons naaste. Hy het hierdie brief geskryf ogv sy bekommernis oor die verdeelheid, afguns en geestelike hoogmoed wat hy gesien het in die vroeë kerk. Die opdrag van Jakobus aan gemeentes was: "Wees as Christene ***volmaak*** en onverdeeld".

Die Griekse woord wat vertaal word as ***volmaak*** is teleios. Jakobus gebruik hierdie woord 7 keer. Jesus het ook op 'n keer gesê: "Wees dus volmaak soos julle hemelse Vader volmaak is" (Matt 5:48). Hierdie vertalings is egter minder as volmaak aangesien die oorspronklike Griekse teleios 'n heel ander bedoeling het as hoe ons volmaaktheid verstaan – dit gaan hier oor **heelheid** en **volledigheid**. Iemand is volmaak as jy jou **doel** bereik. Die liefdesgebod spoor ons aan om soos God te kan liefhê: *"It is when a person reproduces in his life the unwearied, forgiving, sacrificial benevolence of God that he/she becomes **perfect** like God, and is therefore perfect in the New Testament sense of the word."*
W Barclay.

Die brief van Jakobus is sterk beïnvloed deur twee bronne: Spreuke 1-9 en Jesus se Bergpredikasie (Matteus 5-7). Jakobus sê dat God 'n antwoord gee in ons soeke na volmaaktheid/wysheid. En hierdie antwoord gaan soveel verder as net 'n lys beginsels. God se antwoord is 'n mens - Jesus, soos ons

en tog soveel anders. En Hy roep ons tot ‘n dieper pad wat meer inhou as die kerkleiers en ‘dominees’ van sy dag wat gedink het hul werk is om die morele polisie te wees. Of om heeltyd standpunt in te neem oor dinge waaroor God eintlik niks gesê het nie.

Dus, reg en verkeerd gaan nie daaroor om ‘n spreekbuis van standpunte namens God te wees nie, of mense te boelie met Bybelse waarhede nie, maar om my plek in te neem langs God wat my oë oopmaak vir sy wysheid en liefde wat die wêreld en mense **heel/volmaak** maak. Dit bring **vrede** (Jakobus se ander gunsteling woord) tussen my en God en tussen my en ander mense.

Reg en verkeerd: Swart en wit, of grys?
Die Bybel herinner ons telkens aan die belangrikheid om onderskeid te tref tussen goed en kwaad, lig en duisternis. In Jesaja 5:20 lees ons: "Wee aan die wat kwaad goed noem en goed kwaad, wat duisternis lig noem en lig duisternis." Ons verskil net nogal oor wat nou eintlik goed en wat kwaad is!

Ons leef in 'n tyd waar swart en wit opsies uit is. Mens moet genuanseerd dink. Dis nie so eenvoudig nie, sê ons vir mekaar. By sekere goed is daar egter nie baie opsies nie; dis swart of wit. Jy is vriend of vyand van God. Jakobus sê onomwonde: daar is ‘n regte manier van leef en verkeerde manier van leef. En die gevolg, jy is kwaadstoker of vredemaker. Jy veg, of jy versoen. Jy is wys of dwaas. Daarom tref hy onderskeid tussen aardse wysheid en die wysheid van God. Aardse wysheid (vyande van God) noem hy *diabolies*(dit skep hel op aarde) – dis selfsugtig, verdelend en hoogmoedig. En dit ruk uitmekaar en bring afstand tussen mense en God (teenoorgestelde van **teleios**). Ware wysheid is lyk anders en is God se geskenk aan ons. Dit word geken aan die heelheid/vrede wat dit skep: dis sonder bybedoelings, bedagsaam, vol medelye/genade en goeie vrug, onpartydig en opreg (v17). Dis eintlik so maklik om te onderskei tussen die twee...

‘n Honger en dors na meer
God het ons gemaak met ‘n soeke na dit wat reg is. Jesus noem dit ‘n verlange na geregtigheid. En Hy sê geseënd is dié wat daarna honger en dors (Matt 5: 6). Jakobus sê waar ons hierdie wysheid sigbaar maak skep dit heelheid/*shalom*. Jaag hierdie vrede na en dit sal in die moeilikste omstandighede waar jy moet kies tussen reg en verkeerd vir jou ‘n betroubare rigtingwyser wees. “Being a Christian is not learning how to live by some rules so we are in touch with reality or getting trained in proper behavior so we will not get our fingers burned or our legs broken or our hearts broken or our consciences wounded. The great thing about living in faith with God is what we can’t anticipate, can’t predict...” Eugene Peterson

Jakobus weet dat selfsug maklik ‘n vastrapplek kry in ons hart. Vrede is net moontlik vir mense wat weet hul harte moet getransformeer word deur God se liefde. Harte wat deurdrenk is van selfsug en hoogmoed skep verdeeldheid, en hel op aarde. Maar harte wat deurdrenk is van Christus se liefde skep hemel op aarde. En dit gebeur nie eenmalig nie, maar daagliks.

So wat hoor ek by Jakobus?: “Wil jy weet wat is **reg** en **verkeerd**? Gaan verdiep jou in die wysheid en lewe van Jesus. Sodoende word jy ’n instrument van vrede en geregtigheid in God se wêreld.” Jakobus se sterkste getuienis was sy lewe . Hy het in die vroeë kerk bekendgestaan as ‘n vredemaker, brugbouer en wyse man. Hy het nie vanaf 'n veilige afstand mense beoordeel het nie. Nee, hy het soos Jesus oral en altyd vol medelye nader gestap om beter te sien... En magneties geleef; nie afstootlik nie.